

JESUS SE SKRIFBESKOUIING

'n Bespreking van Johannes 5:39-40

Julle ondersoek die Skrif, omdat julle dink dat julle die ewige lewe daarin kry. En dit is juis die Skrif wat oor My getuig. Tog wil julle nie na My toe kom sodat julle die lewe kan kry nie (Jh 5:39-40).

Dit was seker maar wêreldwyd en deur die eeue aan die orde, maar tans is daar veral baie dinge wat die kerk in ons land tot in sy fundamente skud. En wat dit betref, is niks belangriker en meer dieperliggend en fundamenteel as die stryd oor Skrifbeskouing nie. Want die vyand van ons siele en die vyande van die waarheid weet dat hulle die stryd wen tot die mate wat hulle die gesag en betroubaarheid van die Bybel in mense se gemoedere ondermyn. Tot die mate wat die kerk ongelooftelike akkommodeer, tot daardie mate sal dit verkrummel en uiteindelik in duie stort. Sonder 'n kinderlik-gelowige oortuiging dat die Bybel God se spreke tot ons is, kan daar geen sprake van gespierde Christenskap wees nie.

Die stryd woed op talle fronte en die kompleksiteit daarvan is sodanig dat dit nie met die aanhaling van 'n paar tekste en een of twee preke besweer kan word nie. Tog bied Jh 5:39-40 enkele perspektiewe wat van die allergrootste belang is in hierdie verband - waarhede wat stewig in plek moet wees in ons gemoedere.¹

Natuurlik praat die Bybel op baie ander plekke oor homself, en vir 'n volledige prentjie moet mens sekerlik alles in ag neem. So iets is egter onmoontlik in 'n studiestuk van hierdie formaat. Hierdie twee verse (en hulle konteks) bring egter 'n paar kardinaal belangrike aangeleenthede skerp in fokus, en aangesien dit in volkome harmonie is met wat die Skrif elders leer, is dit sekerlik legitiem om vir die oomblik uitsluitlik op hierdie uitspraak van die Here Jesus te konsentreer.

Hierdie twee verse spreek veral vier sake aan: die oorsprong, die gesag, die fokus, asook die regte en verkeerde gebruik van die Skrif - besonderlik van die Ou Testament.

Hierdie is 'n uitspraak van die Here Jesus Christus self - en verwoord kennelik Sy eie Skrifbeskouing.

En let dan ook met die nodige erns daarop dat daar beswaarlik enige integriteit kan sit in iemand se aanspraak op Christenskap as hy Jesus nie ook in hierdie mees fundamentele en bepalende oortuiging navolg nie (1Jh 2:6).

Die konteks

Hierdie uitspraak van ons Here Jesus kan slegs na behore verstaan word as ons dit saam met die voorafgaande verse lees. Jh 5 het grootliks te doen met die gesag waarmee Jesus gepraat en gedoen het - en met die gronde vir Sy aansprake op die Goddelike oorsprong daarvan.

Die hoofstuk begin met die Here se genesing van 'n siek man by die bad van Betesda (1-15). Dit was 'n Sabbatdag, wat die Jode laat aanstoot neem het - aan die man, omdat hy sy beddegoed opgetel en gedra het; en aan Jesus, omdat Hy die man genees het.

In Jesus se reaksie maak Hy daarop aanspraak dat Hy en die Vader saamwerk (17). En die werk wat die Vader aan Hom toevertrou het, is tweeledig:

Eerstens moet Hy *lewe gee* aan die dooies (21), sodat elkeen wat hoor en glo, die ewige lewe kan ontvang (24).

Tweedens moet Hy God se *oordele voltrek* (22).

Vanaf v.25 ontwikkel die Here Sy tema dan verder. Die proses van skeiding tussen hulle wat lewe ontvang en hulle wat geoordeel word, is reeds aan die gang. Hy, as Seun van die mens, beoefen al reeds die mandaat en gesag wat Hy van die Vader gekry het (26-27). Die geestelik dooies hoor immers reeds Sy stem en begin lewe (25). En dis alles net 'n voorspel vir wat op die laaste dag gaan gebeur. Dan sal die skeidingsproses onder die mensdom finaal voltrek word - wanneer almal die Seun se stem sal hoor en sal opstaan, óf tot die lewe, óf tot die oordeel (28-29).

38. In die skryf van hierdie Herout is grootliks geput uit John Stott, Christ the Controversialist, IVP, 1970, H.3.

Jesus se twee aansprake - dat Hy kan lewe gee, en dat Hy mag oordeel - is dinge wat net by God berus. G'n wonder dat die ongelowige Jode Hom oor Godslastering wil teregstel nie (18).

Noodwendig kom die begroning vir Sy aansprake nou ter sprake, en dis waaroor Hy verder praat (30-38).

Omdat Hy wil seker maak dat daar geen misverstande is nie, word Sy drie positiewe stellings elkeen voorafgegaan deur 'n negatiewe een:

- Sy optrede en aansprake is nie Sy eie inisiatief nie - dit berus op die Vader se roeping en bekragtiging (30a).

- Hy is nie op 'n selfsugtige sending nie - Hy wil net die Vader se wil doen (30b).

- Hy bou nie Sy saak op Sy eie of ander mense se getuienis nie - selfs nie op dié van Johannes die Doper nie. Nee, God die Vader getuig oor en vir Hom (31-37a).

Hoe getuig die Vader oor Jesus? Op twee maniere: deur werke en deur woorde.

Dis die Vader wat aan Jesus die krag gee om al die wonders te doen (36).

Die Vader het self ook oor Sy Seun getuig (die Griekse werkwoord praat van iets wat in die verlede gebeur het, maar steeds geldig is) (37a).

Waarna verwys Jesus hier? Nie na 'n hoorbare stem nie, want wie van die Jode het Sy stem gehoor? Hy praat ook nie van 'n visioen nie, want niemand het Sy gestalte gesien nie (37b). Die Here verwys hier na die geskrifte van die Ou Testament. Hy gaan immers voort om dadelik oor die Skrif te begin praat (39).

Helaas slaan die Jode nie ag op die Vader se getuienis oor Sy Seun nie. En die groot rede is dat die Woord nie in hulle lewe nie. Hoe kan Jesus dit sê? As die Woord in hulle geleef het, sou hulle geglo het in die Een wat die Vader gestuur het (38).

Is dit nie te erg om skrifgeleerdes so te beledig nie? Wel, die Skrifte wat hulle so ywerig bestudeer, getuig oor die Here Jesus - en tog kom hulle nie na Hom toe om die ewige lewe te ontvang nie (39-40).

Hoe Jesus die Ou Testament sien

Bogenoemde onderstreep twee aspekte van die Here Jesus se Skrifbeskouing - wat nog altyd baie belangrik was, maar veral in ons dag.

- Eerstens beskou Hy die Ou Testament as van Goddelike oorsprong - as God se getuienislewering.

- Tweedens dring Hy daarop aan dat die Ou Testament oor Hom as die Christus getuig.

Van Goddelike oorsprong

Wat die Goddelike oorsprong van die Ou Testament betref, is die Here Jesus se standpundinname nie tot hierdie verse beperk nie, intendeel. Hy het dit konsekwent geleer en daarvolgens geleef. Altyd het Hy 'n gesindheid van respek en onderwerping daarvoor gehandhaaf - dwarsdeur Sy lewe tot ná Sy opstanding.

Nooit het Jesus die Ou Testament se uitsprake bevraagteken nie. Tewens, in Mt 5:18 sê Hy dat nie een letter of letterstrepie van die wet sal wegval nie. En in Jh 10:35 leer Hy dat die Skrif nie gebreek kan word nie (OAV).

Lank voordat bepaalde dinge met Hom gebeur het, het Hy dit op grond van die Ou Testamentiese profesieë voorsien. Male sonder tal het Hy Sy dissipels verseker van Sy komende verwerping, lyding, dood en opstanding - bloot op grond daarvan dat die Ou Testament dit voorspel (Mk 8:31; 14:21). Teen die einde van Sy openbare optrede sê Hy dan ook vir Sy dissipels: "Kyk, ons gaan nou Jerusalem toe, en alles wat die profete oor die Seun van die mens geskryf het, sal daar bewaarheid word" (Lk 18:31). En as Petrus Sy arrestasie wil verhoed, gaan Jesus hom teen: "Of dink jy Ek kan nie my Vader om hulp vra nie? Hy sal dadelik vir My meer as twaalf legioene engele beskikbaar stel. Maar hoe sal die Skrif dan vervul word wat sê hoe die dinge moet gebeur?" (Mt 26:53-54).

Wat Hyself geglo en uitgeleef het met betrekking tot die geskrifte van die Ou Testament, het Jesus ook van andere verwag.

In Sy twisgesprekke met die Joodse leiers was dit vir Hom 'n onbevraagtekenbare uitgangspunt dat die Skrif die finale seggenskap het. En Sy groot klagte teen die skrifgeleerdes was: "Het julle dan nie gelees nie?"

En as die Emmausgangers nie die voorafgaande dae se gebeure in Jerusalem kan begryp nie, sê Hy vir hulle: "Wat 'n gebrek aan begrip en wat 'n traagheid van gees! Glo julle dan nie al die dinge wat die profete gesê het nie? Moes die Christus nie hierdie dinge ly om in sy heerlijkheid in te gaan nie?" (Lk 24:25-26).

Waarom het Jesus die Ou Testamentiese geskrifte so hoog aangeslaan?

Hy het van harte geglo dat wat die Woord sê, is wat God sê.

Hoewel ons teks dit nie direk aanspreek nie, is 'n voor die hand liggende vraag op hierdie punt: wat van die Nuwe Testamentiese geskrifte? Baie duidelik leer die Here Jesus in die bovertrek die aand voor Sy kruisiging dat een van die Heilige Gees se belangrikste take sou wees om die apostels en hulle medewerkers te lei in die vertolking, ordening en vaslegging van die klimaks van God se besondere openbaring - soos dit in die mensgeworde Seun gekom het. Hulle moes dus die Nuwe Testament op skrif stel (Jh 14:26; 15:26-27; 16:12-15). Sonder twyfel het Jesus geglo en geleer dat die komende geskrifte van die Nuwe Testament in elke opsig gelyk sou wees aan dié van die Ou Testament wat inspirasie, betroubaarheid en gesag betref.

Een van die belangrikste redes (dalk die heel belangrikste) waarom ons as navolgers van Jesus die inspirasie, betroubaarheid en gesag van die Bybel aanvaar, is omdat Hy dit so aanvaar en geleer het.

Die Ou Testament getuig oor en oor van die Christus wat sou kom

As ons praat oor die Here Jesus se oortuigings oor die Ou Testamentiese geskrifte, het Hy in die tweede instansie daarop aangedring dat die Ou Testament oor Hom as die Christus getuig. Hy sê dit uitdruklik in Jh 5:39: "En dit is juis die Skrif wat oor My getuig."

Die Ou Testament is 'n boek van hoop en onvervulde verwagtinge. Van begin tot einde tuur dit vooruit na die koms van Christus. Die talle en talle beloftes aan Adam en Eva, aan Abraham, aan Moses, aan Dawid, aan die profete, gaan almal in Christus in vervulling. In 2Kor 1:20 staan daar: "Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom (dit is Christus) is hulle ja en in Hom amen ..." (OAV).

- Die Ou Testamentiese wet in sy meedoënlose gestrengheid, was niks anders nie as die "kinderoppasser" (Gr. lett.) van die verbondsvolk tot en met die koms van die vrymakende Christus (Gl 3:24-25 en konteks). Die wet moes hulle op die spoor hou - totdat die koms van Christus en die Gees wat Hy sou stuur hulle volwasse genoeg sou maak om sonder gevaar te leef in die vryheid wat hoort by God se kinders (Gl 4:1-7).
- Die Ou Testamentiese offerstelsel het dit dag na dag uitbasuin dat daar geen versoening met God kan plaasvind sonder 'n strafdraende plaasvervanger nie.
- Die Ou Testamentiese ampte het elkeen op sy manier vooruit gewys na Christus.
Die profete en hulle profesieë het oor en oor vertel van die komende Messias. Hy is die saad van die vrou wat die slang se kop sou verbrysel (Gn 3:15). Hy is die nageslag van Abraham deur wie al die nasies geseën sou word (Gn 12:1-3). Hy is die ster wat uit Jakob sou verskyn; Hy is die septer wat uit Israel sou verrys (Num 24:17).
Die priesters het oor honderde jare vooruitgewys na die Groot Hoëpriester wat Homself vir sondaars sou kom offer.
Die konings, in al hulle onvolmaaktheid, was 'n voorafskaduwing van die Messias se volmaakte regering van vrede en geregtigheid.
- Jesus Christus sou die priester volgens die orde van Melgisedek wees (Ps 110:4); die koninklike afstammeling van Dawid (Jer 23:5); die kneg van die Here wat in gehoorsaamheid vir die Godsvolk sou sterf (Jes 52:13-53:12); die Seun van God wat die nasies sou beërf (Ps 2:7-9); die Seun van die mens wat op die wolke sou kom en aan wie gesag oor die nasies gegee is (Dn 7:13-14).
- Waarlik, Jesus Christus is die sentrale tema van die Ou Testament. Hy is die goue draad wat van die begin af regdeur alles loop. Is dit 'n wonder dat die opgestane Jesus die hele evangelie aan die Emmausgangers vanuit die Ou Testament kan verduidelik: "Daarna het Hy by Moses en al die profete begin en al die Skrifuitsprake wat op Hom betrekking het, vir hulle uitgelê." (Lk 24:27). Later kan ook Filippus die Etiopiër so na Christus toe lei - sonder die Nuwe Testament: "Filippus het by hierdie Skrifgedeelte (Jes 53) begin en die evangelie oor Jesus aan hom verkondig."

Die Nuwe Testament is deurtrek van Christus

As Christus die hart is van die Ou Testament, is Hy dit des te meer van die Nuwe. Wie kan dit betwyfel?

- Hy is die evangelies se hoofkarakter. Hulle skryf oor die tyd van Sy vernedering; van Sy ontvangenis en geboorte tot en met Sy kruisiging, opstanding en hemelvaart. Hulle vertel van Sy groot dade, Sy wonderlike woorde, Sy reddende werke.
- Handelingte beskryf hoe Hy dan voortgaan om te doen en te leer deur Sy Gees wat in en deur Sy dissipels werk.
- Die apostoliese briewe ontvou sistematies die betekenis van Sy persoon, Sy lering, Sy werk - en hoe ons dan as Sy dissipels in die lig van hierdie waarheid moet leef.
- Die Openbaringboek lig ons oë die hoogtes in - om iets te sien van Koning Jesus se majesteit en heerskappy oor die geskiedenis en die nasies.

Waarlik, die prediker wat Christus nie weer en weer verkondig nie, verkondig nie die Woord van God nie. Sy oë is nog geslote soos dié van die Joodse skrifgeleerdes.

Met bloot moralistiese prediking en mooi storetjies mag Sy dissipels geen, maar geen, geduld hê nie. Vra jouself gereeld af of jou dominee se prediking Sondag na Sondag deurtrek is van Christus. Indien nie, maak jouself so vinnig as moontlik uit die voete - want so 'n wolf in skaapklere gaan jou bietjie-bietjie vergiftig en jou dalk uiteindelik die ewige saligheid kos.

Die regte en verkeerde gebruik van die Bybel

Selfs al het jy 'n baie hoë agting vir die Bybel, kan jy dit totaal verkeerd gebruik - met katastrofiese gevolge. Ons teks werp besondere lig op die regte en verkeerde gebruik van die Woord. Dis teweens waaroor dit uiteindelik in hierdie twisgesprek van die Here Jesus met die skrifgeleerdes gaan.

Die Jode het óók gehuldig dat die Skrif van Goddelike oorsprong is. Maar hulle het die funksie daarvan verkeerd verstaan. Hulle sou die gesag daarvan met hulle lewens verdedig het, maar hulle het die doel daarvan verkeerd verstaan. En die gevolge is tot vandag toe een van die grootste tragedies van alle tye.

Wat was die Jode se fout? Hulle het van die Skrif 'n doel op sigself gemaak, en nie 'n middel tot 'n groter doel nie - naamlik om God en besonderlik Sy Seun te ken. Daarom het hulle nie die Messias herken nie. En in die proses het hulle die ewige lewe gemis.

Hierna moet ons nader kyk.

Die Joodse mistasting

"Julle ondersoek die Skrif", sê Jesus (39a).

Die werkwoord dui op noukeurige en volhardende deursoeking. Dit word byvoorbeeld in 1 Kor 2:10 gebruik: "... die Gees deursoek alle dinge, ook die diepste geheimenisse van God". En in Op 2:23 sê die Here Jesus dat Hy die Een is "wat niere en harte deursoek" en elkeen dus volgens sy werke sal beloën (OAV).

Die Jode was deeglik bewus van hulle voorreg om God se Woord te hê. Paulus sê in Rm 3:2, as hy oor die voordele van Jood-wees praat: "Die belangrikste is dat God sy woorde aan die Jode toevertrou het." Die Ou Testament het gevolglik talle uitsprake oor die onberekenbare waarde van die Skrif.

Dit het meegebring dat die skrifgeleerdes die inhoud daarvan met ongeëwenaarde en pynlike versigtigheid nagevors het. En om seker te maak dat hulle die Hebreeuse manuskripte - wat een vir een met die hand oorgeskryf moes word - akkuraat kopieer, het hulle selfs die letters in elke Bybelboek getel, die middelste woord daarvan bepaal en allerlei ander statistiese data daarvoor versamel.

Is so 'n benadering verkeerd? Is dit waaroor Jesus die Joodse leiers verwyt? Absoluut nie! Ons moet dit teweens respekteer dat hulle met soveel sorg wou verseker dat die Woord suiwer oorgelewer word.

Tog was hulle agting vir die Skrif misplaas. Is so iets moontlik? Inderdaad. Dit word duidelik as mens na die tweede deel van Jesus se uitspraak kyk: "omdat julle dink dat julle die ewige lewe daarin kry" (39a).

Jesus verwyf die Jode nie omdat hulle die Skrif ondersoek nie, maar omdat hulle meen dat hul puntenerige navorsing op sigself godsdienstige verdienste het. Hulle meen dat dit 'n beduidende bydrae tot hulle beëwing van die ewige lewe sal maak. Hulle gaan dus met God se Woord om as 'n doel op sigself, sonder om te verstaan dat dit 'n middel tot 'n groter doel is.

Die Jode was inderdaad yweraars vir die gewigtheid en suiwerheid van die Skrifte - maar het die noodlottige fout gemaak om dit as 'n doel op sigself te beskou en nie as die wegwysers na Christus toe nie.

Die funksie van die Bybel

Die Bybel het op sigself nie reddende kragte nie. Tog het die Nuwe Testament talle uitsprake wat mens onder dié indruk kan bring. Neem byvoorbeeld die volgende:

- Hd 20:32: "Maar nou vertrou ek julle aan God toe en aan die woord van sy genade. Die woord is magtig om julle op te bou en julle in die seëninge te laat deel wat Hy aan al die gelowiges as erfdeel belowe het."
- Rm 1:16: Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding ..."
- Jk 1:18: "Omdat dit sy wil was, het God ons deur die woord van die waarheid tot die lewe gebring ..."
- 1 Pt 1:23: "... julle is wedergebore ... deur die lewende woord van God ..." (OAV).
Hoe moet ons die kloutjie by die oor kry? Die Here verskaf die antwoord in ons teks. Al het die Skrif nie reddende krag in homself nie, speel dit tog 'n onmisbare rol in die proses van redding. Dit lewer getuienis oor Jesus Christus. Dit werp die kollig op Hom - sodat mense na Hom toe sal gaan ten einde by Hom die ewige lewe te ontvang (39b-40).
Al het ons hoe 'n hoë agting vir die Woord - en dit móét - moet ons verstaan en kompromieloos bly verkondig dat hy of sy wat bloot by die Bybel vassteek, sonder om na Christus deur te steek, nog nie die lewe het nie.
As Johannes verduidelik waarom hy sy evangelie geskryf het, sê hy presies dit: "... hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê (Jh 20:31).
Ook Paulus bevestig dit: "jy ken van kleins af die heilige Skrif" [vir Timoteus die Ou Testament]. "Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus" (2Tm 3:15).

Wat sê dit alles vir ons?

1. Om 'n Bybel te hê, is op sigself nie genoeg nie - dit moet bestudeer word.

Dis verstommend hoe bygelowig mense oor die Bybel kan wees. Mense gryp dit vas as hulle bang is. Soldate dra dit saam op die slagveld, in die vertroue dat dit hulle sal beskerm. Ampsdraers - selfs totaal ongelowiges - lê hulle hande daarop as hulle hul ede van getrouheid aflê. Om verse in die Bybel met pen of potlood te merk word as oneerbiedig beskou. Dit alles is basies dieselfde afgodery as dié van Israel toe hulle die verbondsark laat haal het om hulle teen die Filistyne te help (1Sam 4).

Vir talle het die Skrif nie veel meer as simboliese waarde nie. Indien jy die Bybel op jou bedtafel of kantoorlessenaar lees en uitleef, is dit totaal in orde. Maar as dit bloot 'n vertoonstuk is, is jy waarskynlik 'n huigelaar van dieselfde stoffasie as die Fariseërs.

Ons moet Bybelse aanbidders wees, nie Bybelaanbidders nie.

Nee, die Bybel het 'n inhoud wat van die grootste intellekte in die geskiedenis lewenslank besig gehou het. Dit is God se besondere selfopenbaring wat net soveel gekonsentreerde aandag verg om na behore te begryp, as God se algemene openbaring. Dit moet bestudeer word!

2. Om die Bybel te bestudeer, is op sigself nie genoeg nie - dit moet oor Jesus Christus gaan.

Daar is tienduisende Bybelstudente wat die lewensbelangrike les van ons teks vergeet.

- Diegene wat opgaan in die soeke na allerlei geheimsinnige kodes in die Bybel, toon daarmee

dat hulle waarskynlik weinig verstaan van die eintlike doel waarmee God dit vir ons gegee het.

Laat ons nie vergeet nie: bestudering van die Skrif met enige ander doel as om God in Christus beter te ken, te dien en te verheerlik, is ernstig onder verdenking - en bes moontlik ook futiel.

- Kinders wat aan die einde van die jaar hulle Sondagskool se beker wen, bloot omdat hulle in die Bybeleksamen geweet het wie Israel se vyfde koning was en hoeveel vrouens Salomo gehad het, se onderwysers het hulle na alle waarskynlikheid op noodlottige paaie gelei.
- "Bybelstudente" wat eenogig besig is met allerlei troetel-temas wat min te make het met Jesus Christus en die lewe wat Hy gee, mis die punt. Sekere mense kan beswaarlik oor iets anders praat as die gesin, of die kerk, of allerlei wederkoms-detail, of moraliteit - maar oor Christus die Gekruisigde hoor jy hulle selde opgewonde raak.
- Hoeveel geleerdes is daar nie wat bloot teologie ter wille van teologie beoefen nie. Die innerlike aandrang om God beter in Christus te leer ken en Hom te verheerlik, is grootliks of totaal by soveel van hulle afwesig. Teologie as blote "wetenskapbeoefening", sonder 'n ywer vir Christus se eer; teologiese opleiding wat nie daarop gerig is om herders en leraars toe te rus om Christus se kudde te versorg en Sy evangelie te verkondig nie; teologiese fakulteite wat saam met al die ander uit 'n sekulêre staat se hand leef sonder om hulle oë vas te nael op die Vader in Christus se versorging - al hierdie dinge het Bybels gesproke geen bestaansreg nie.
- Te veel ouers en onderwysers kweek by kinders die idee dat Christenskap bloot oor moraliteit gaan: "Dit doen 'n kindjie van Jesus nie!". So word hulle as fariseërs groot - geïmmuniseer teen die ware evangelie. Soos die ryk jongman sal ook hulle eendag sê: "Al hierdie dinge het ek van my kinderdae af onderhou".
Nee, ons moet ons kinders van kleins af inlei in die Skrifopenbaring oor wie God is - nie net Sy liefde nie, maar ook Sy geregtigheid. Hulle moet van kleins af die erfsonde verstaan en die verskriklike realiteit daarvan in hulle eie lewens herken en erken. Hulle moet van kindsbeen af weet dat hulle net so min soos Kornelius deur goeie werke gered kan word (Hd 10:2; 11:14). Saam met hulle moedersmelk moet hulle die waarheid inkry dat daar maar één oplossing vir sondaars se verskriklike verlorenheid is - redding in Jesus Christus alleen.
- Bybelonderrig en die vak Bybelkunde gaan dus oor meer - baie meer - as feitekennis en die wen van Bybelvasvrae en die volstop van 'n BA-leergang.

3. Om die Bybel Christosentries te verstaan, is op sigself nie genoeg nie - dit moet gehoorsaam word.

Die geloof sonder die werke is dood. En die eerste "werk" van 'n ware geloof is om in Christus in te vlug en in Hom te bly skuil vir lewe en dood, vir tyd en ewigheid.

Die Jode het 'n dubbele fout gemaak:

In hulle ongelooft hulle Jesus Christus in die Skrifte misgekyk. In hulle blindheid het hulle gedink (39a) - maar helaas verkeerd gedink.

In hulle halsstarrigheid het hulle geweier om na Hom toe te gaan ten einde die lewe te kry. Hulle wou nie (40).

Hierdie woorde van die Here is baie insiggewend. Dit toon dat daar twee dinge is wat ons gedrag beheers: ons rede en ons wil.

Presies hier sien ons waarom soveel mense die evangelie hoor - die evangelie wat so logies, so aantreklik, so gratis is - sonder om dit aan te neem. Hulle dink verkeerd daaroor. Of as hulle dit na behore verstaan, is dit rebellie wat hulle weerhou om na Christus en Sy lewe toe te gaan - hulle wil eenvoudig nie. Of hulle maak hulleself wys hulle het in Hom ingevlug, maar hulle lewens vertoon bykans geen dissipelskap, selfverloëning, diensbaarheid en gehoorsaamheid nie. Hulle gaan miskien kerk toe - dalk tweemaal 'n Sondag - maar tydens die week leef hulle wêreldgelykvormig en vir hulle self. Die Bybel is duidelik oor hulle tragiese lot in die hiernamaals, nie waar nie!

Die Bybel is soos die foto van sy verloofde wat 'n soldaat op sy hart dra. Die foto is vir hom baie kosbaar - maar slegs omdat dit hom aan sy geliefde herinner. Dis soos 'n verkyker - jy kyk daardeur, nie daarna nie. Dis soos 'n doktersvoorskrif - nie 'n doel op sigself nie, maar 'n middel tot 'n groter doel.

Nico van der Walt

